

AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL
GRAAD 12 (VRAESTEL 2)
MEMORANDUM
JUNIE 2013

=====

Afdeling A

Vraag 1

- 1.1. "Jy was in 'n ongeluk betrokke. Jy is raakgery en is ernstig beseer." ✓
1.2. "Jy het op jou hoek, Entertainment Corner, gestaan." ✓
1.3. "Ek het jou "board" op die grond sien lê." ✓
1.4. "n Vrou met swart hare het jou gehelp. Sy is 'n dokter." ✓
1.5. "Dit was **Gordon / Sproet**. Hy het my na sy **woonstel** geneem." ✓✓
1.6. "Gordon wou my seksueel misbruik." / Aan my gevat. / My betas. ✓
1.7. "Come away with me / in the night / Come away with me / and I will write you a song." ✓
1.8. "Ek het na 'n kerkie gegaan." ✓
1.9. "Nee, niemand kon jou Bloubulpet op die ongelukstoneel vind nie." ✓
(Ek gaan vir jou 'n nuwe pet koop.)

[10]

=====

Vraag 2

- 2.1. Tannie Bets (½)
2.2. Lien het nie met Malie oor die weg gekom nie. Nadat sy vir die gebreekte borde en koppies moes betaal, het sy Malie se diens verlaat. Sy kon ook meer geld by *Millennium Creations* verdien. ✓✓
2.3. **Donovan** is die baas. Hy "slaan die kitaar" / "loop rond asof hy die kaptein van die Titanic is". (½+½)
2.4. Dirkie sê nie veel nie en sê net goed soos "Get out of here! ens. Donovan skinder lekker saam met sy kliënte. ✓✓
2.5. **Sue-Ellen**. Sy is met **kraamverlof**. (½+½)
2.6. Telefoon antwoord / afspraakboek op datum hou / vloer vee / koffie vir klante maak / kombuis netjies hou / tydskrifte regpak / trollies en toonbank netjies en skoon hou. (ENIGE TWEE) (½+½)
2.7. Mary Morning Glory ✓
2.8. R15 per uur (½)
2.9. Lien het hulle gevra om Braam se krieketspan te borg. ✓

[10]

Vraag 3

Let wel: Hierdie antwoorde is slegs voorgestelde antwoorde.

Daar is verskeie voorbeelde van **konflik** (of botsings) wat spanning en ontwikkeling in *Lien se lankstaanskoene* veroorsaak.

Bespreek die volgende **3 groot oomblikke van konflik** wat in die verhaal gebeur en verduidelik hoe dit Lien as karakter beïnvloed **en** hoe die konflik opgelos word.

- Lien se ma se drankprobleem. (4 punte)

Lien is baie kwaad vir haar ma omdat haar ma altyd alkohol drink. Sy is gevolglik nie in staat om finansieel na haar gesin om te sien nie. Nadat sy een middag dronk by Lien se skool opgedaag het, reel tannie Bets en Kuifie dat Christien in 'n kliniek opgeneem word sodat sy behandeling kan ontvang. Lien moet werk / bedel om geld vir kos te kry. Aan die einde van die roman word Christien genees. Die konflik word opgelos wanneer Christien klavier speel na afloop van Lien se toneelopvoering.

- Lien se werk by *Malie se Tuin*. (3 punte)

*Lien het twee groot foute by *Malie se Tuin* begaan. Sy het vir 'n jong paartjie verkeerdlik afslag gegee en sy het veroorsaak dat Agnes die skinkbord laat val het. Sy moes vir die skade help betaal. Lien was keelvol vir tant Malie en het besluit om te bedank. Sy was dus werkloos en moes 'n ander manier vind om 'n inkomste te genereer. Die konflik word opgelos wanneer Lien bedank.*

- Lien se ma steel 'n boks wyn by *Pick 'n Pay*. (3 punte)

*Christien Jooste het bokswyn by *Pick 'n Pay* gesteel. Kuifie het gehelp om haar saak by die polisie te stel en sy is 'n tweede keer by 'n rehabilitasiekliniek opgeneem. Lien was bitter teleurgesteld in haar ma. Lien het haar ma se ondersteuning nodig gehad. Die konflik word geneutraliseer deur tannie Bets en Kuifie se toetrede en hulp aan die gesin.*

Jou paragraaf mag nie langer as 180 woorde wees nie. Onthou om jou feite logies te stel. Moenie bloot die storie oorvertel nie.

[10]

=====

Vraag 4

Skryf Lien se **dagboekinskrywing** oor die eerste dag waarop sy langs die straat gestaan en bedel het. **Jou inskrywing moet 150-180 woorde lank wees. Jou antwoord moet in dieselfde volgorde as die riglyne beantwoord word!**

- Lien voel half wit half swart ✓
- Lien voel skuldig om geld van ander mense te vat ✓
- Roos is onvriendelik en afsydig teenoor Lien terwyl Tibbey baie vriendelik me haar is. ✓✓
- Sy is baie bly oor die skoene wat sy gekoop het aangesien dit baie gemakliker is. ✓
- Lien wil **Energade** saamneem om te drink, **sonroom** om aan haar gesig te smeer en 'n **vrug** om te eet. ✓✓✓

Let wel: 2 punte word toegeken vir die manier waarop die vraag beantwoord is.

[10]

=====

Vraag 5

In die roman *Lien se lankstaanskoene* bring musiek ontvlugting vir talle van die karakters. Dit lewer ook kommentaar op die gebeure en dit bring heling. Deur die breinkaart hieronder te gebruik, skryf 'n opstel en bespreek **die rol van musiek in elkeen van die volgende karakters**.

Lien luister na Norah Jones:

- Lien besef dat Wouter by die skool ingeskakel het en dat hy nie meer 'n buitestaander soos sy gaan wees nie. Lien is teleurgestel in Wouter en ook effens kwaad vir hom. √√
- Christien het 'n terugslag en Lien vind haar tuis waar sy weer 'n glas wyn drink. Lien is kwaad vir haar ma en wys haar woede deur vir haarself 'n glas wyn te skink en te drink. √√
- Lien dink aan die woorde wanneer Gordon haar seksueel wil misbruik. Sy wil van die situasie ontvlug. √√
- Lien besoek haar pa in die tronk. Sy dink aan Norah se woorde wanneer sy senuweeagtig op haar pa wag en hom in die besoekerskamer gewaar. Sy voel half lam wanneer sy haar pa sien. √√

Miemie luister na die Pussycat Dolls:

- Miemie luister na die musiek wanneer sy in die motor ry. √
- Sy is 'n rebel / weier om soos ander te wees en te dink / sy wil net haarself wees. √√

Hein speel "Moon River":

- Op die pawiljoen by die skool. √
- Lien oefen vir die toneelstuk en Hein help om die dekor te bou. √

Christien luister na klassieke musiek:

- Sy luister na die musiek om van haar omstandighede en probleme te ontvlug. √
- Sy gee vir haar ma 'n CD van Chopin se klavierkonserte. √
- Sy speel weer die klavier. (Schubert se Impromptu in G-kruis mineur) √

16 punte vir feite + 4 punte vir taal en styl

[20]

=====

TOTAAL AFDELING A: 60

Afdeling B

ASSESSERING

Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

- kennis van vereistes van skryftaak
- interpretasie van opdrag
- inhoud en idees
- register en toon
- beplanning
- goeie taalgebruik en spelling is 'n vereiste

Vraag 1 – E-pos

Nadat Tibbey se bene geamputeer is, het Lien besluit dat sy graag vir Tibbey wil help.

Skryf 'n **e-pos (120-150 woorde)** vir Hein waarin jy (as Lien) hom vra om vir Tibbey 'n karretjie te bou. Sê hoe die karretjie moet lyk asook waarvoor dit gebruik gaan word.

[10]

=====

Vraag 2 – Vriendskaplike brief

Lien en Hein het gisteraand die ongelooflikste matriekafskeid saam geniet. Lien is in ekstase en het besluit om vir haar ma 'n brief te skryf om haar van haar wonderlike aand te vertel aangesien haar ma in die rehabilitasiekliniek is en sy gevolglik nie met haar daarvoor kon gesels nie.

- Jou brief moet **120-150 woorde** lank wees.
- Jy moet die korrekte formaat vir die **Vriendskaplike brief** gebruik.
- Lien se woonadres is: Lien Jooste, Kosmoswoonstelle 401, Beatrixrylaan, Sunnyside, Pretoria, 0001.
- Onthou om soveel moontlik besonderhede van die matriekafskeid in jou brief te bespreek.

Jou brief sal deur middel van 'n rubriek geassesseer word.

[30]

=====

TOTAAL AFDELING B: 40

GROOTOTAAL: [100]